# GEMEENTEBULLETIN

**31 MEI 2020**

STELLENBERG GEMEENTE

## SONDAG 31 MEI | PINKSTERFEES

**Pinksterdiens**

Romeine 8 | Ek glo . . . amen is die begin van nuwe lewe | Ds. Marius Breytenbach

**Meditatiewe diens**

Spreuke 2:1-5 | Opsoek na wysheid | Ds. Philipp Dietmann

**Jeugpinkster**

*Open to worship* | Ds. Hanno Ackerman

**KYK** na die beeldopnames van die Pinksterreeks. Dis is daagliks vanaf sesuur soggens op die webwerf beskikbaar.

**LUISTER** na die klankbaan van die Pinksterdienste op die webwerf.

**LEES** die geskrewe Pinksterdienste op die webwerf.

## HERVATTING VAN EREDIENSTE

Die grendeltyd het ons lewens onherroeplik verander en die effek daarvan in ons gemeenskap kan nog nie ten volle bereken word nie. Ons moes onder andere ook soos die eerste gelowiges leer dat kerk in ons huise en ander ruimtes kan plaasvind en dat God ook daardie ruimtes in stand hou.

Na aanleiding van president Ramaphosa se aankondiging op 26 Mei 2020 dat geestelike byeenkomste, wat nie 50 persone mag oorskry nie, toegelaat sal word, staan ons nou weer voor die vraag – soortelyk aan die Pinkstervraag – wat nou Here? Ons gemeenteleiers is besig om onderskeidend hieroor na te dink en geduldig te wag op God se leiding. Ons is vasbeslote om verantwoordelik op te tree en lidmate se veiligheid ons eerste prioriteit te maak.

Kommunikasie rakende besluite sal teen die einde van volgende week deur al ons kommunikasiekanale (e-pos/webwerf) aan lidmate bekend gemaak word. Intussen gaan ons aanlyn eredienste via ons webwerf onverpoos voort.

### GEBEDBYEENKOMS VIR SUID-AFRIKA

Skakel in via ZOOM op Sondag 31 Mei om 18:00.

Die skakel na die byeenkoms is:

https://us04web.zoom.us/j/79554548497?pwd=WElQRkhIME5ZeTI3K2dUVkNiRHdPdz09

Meeting ID: 795 5454 8497

Password: 4C5ZWm

### PINKSTER-BLOG

Besoek die Pinksterblog op ons webwerf.

### VIRTUELE MARKPLEIN

Skakel vanmiddag vanaf 16:00 tot 16:40 by ons virtuele gesprek oor die Pinksterreeks in, deur jou e-posadres aan ds. Marius Breytenbach by marius@stellenberg.co.za te stuur.

## PROJEK SAMARITAAN

Die kerkraad het in die lig van die Covid-19-pandemie aan ’n taakgroep opdrag gegee om ’n strategie vir noodverligting en ekonomiese herlewing te formuleer. Vier fokusareas is geïdentifiseer: voedselvoorsiening en -sekerheid, ekonomiese bemagtiging, onderwys en familiebehoeftes.

### ’n Hulplyn:

As jy fisiese, of emosionele nood as gevolg van die Covid-19-inperking, of ander omstandighede ervaar, stuur ’n e-pos na hulp@stellenberg.co.za. Versoeke sal vertroulik hanteer word.

### Voedselhulp:

Die nood vir voedselhulp raak groter en die gemeente werk nou saam met verskeie nieregeringsorganisasies rakende die insameling en verspreiding van voedsel en om gesinne/persone te bedien wat nie deur groter hulpverleningsnetwerke bereik word nie.

Indien jy tot die uitgebreide voedselbediening wil bydra, kan jy ’n elektroniese oorbetaling na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, maak. Gebruik *hande en rande* as verwysing.

**Help asseblief met die volgende:**

- Ons benodig vrieskaste om bevrore sop in te stoor? Indien jy vir ons een kan leen, kontak asseblief vir Anéne Nortier by 083 581 6930.
- Ons het helpers nodig wat ons kan help met die skil en rasper van groente waarvan sop gekook word. Jy kan die groente by jou eie huis verwerk. Groente sal aan jou voorsien word – ’n voedselverwerker sal handig te pas kom. Indien jy kan help, kontak vir Anéne Nortier by 083 581 6930.
- Ons wil graag ’n netwerk van voedselverskaffers opbou. Indien jy kontak het met ’n verskaffer waar produkte teen bedingbare pryse, of met afslag bekom kan word, kontak asb. vir Anene Nortier by 083 581 6930.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. ’n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, ’n besigheids- en lewensafrigter, asook ’n musiekterapeut se dienste word aangebied. Die sentrum is gesluit, maar Rudolph van Schoor, sentrumbestuurder en lewensafrigter, is beskikbaar vir noodgevalle by

082 854 4530.

### EK HET HULP NODIG

Indien jy tydens self-isolasie, of die landswye inperking, enige vorm van fisiese hulp benodig, kontak asseblief een van die leraars. Vrywilligers is beskikbaar wat lidmate met die aankoop en aflaai van kruidenierswware of medikasie sal ondersteun.

## PROJEK SAMARITAAN

. . . vervolg vanaf bladsy 2

### Entrepreneurskap

Is jy 'n entrepreneur, of eienaar van 'n klein besigheid wat die inperking oorleef het, of wat jou besigheid weens finansiële druk moes sluit? Besoek www.stellenberg.co.za vir volledige inligting rakende ons ondersteuningsdienste aan entrepreneurs of kleinsake-eienaars.

### Familienetwerk vir ouers en kinders:

Dit het onder ons aandag gekom dat ouers wat werk (dikwels deesdae vanaf hulle eie huise) hulp/ondersteuning benodig om hul kinders te versorg, of met die voltooiing van skoolwerk by te staan.

- Het jy 'n behoefte aan 'n kinderversorger, of leerondersteuning vir jou kind, terwyl jy werk? Kontak dan vir Lindy van Wyk de Vries by lindy@stellenberg.co.za.
- Kan jy teen vergoeding kinders met leerondersteuning bystaan, of behulpsaam wees met die algemene versorging van kinders? Besoek ons webwerf (www.stellenberg.co.za/familienetwerk) vir volledige besonderhede oor hoe jy jou dienste op die netwerk kan registreer.

## MET LEEDWESE

Wessel Johannes Petrus Marais, gebore 01/03/1945 en oorlede op 26/05/2020. Wessel het onlang na Edelweiss Dienssentrum verhuis nadat hy sedert 1982 in die gemeentegrense gewoon het. Wessel, 'n oudlanddros was ook 'n entoesiastiese skrywer en musikant. Ons opregte meegevoel aan sy kinders en kleinkinders wat hy agterlaat.

## NUUS PER E-POS OF OP JOU SELFOON

- Ontvang die bulletin weekliks per e-pos deur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za te stuur.
- Sluit by die WhatsApp-groep aan om die bulletin op jou selfoon te ontvang deur jou naam, van en selfoonnommer na 083 611 4720 te stuur.


### LERAARS

Ds. Hanno Ackerman
079 543 5261
hanno@stellenberg.co.za

Ds. Marius Breytenbach
082 376 6053
marius@stellenberg.co.za

Ds. Philipp Dietmann
084 354 0729
pdietmann@gmail.com

Ds. Why Duvenhage
082 570 5931
why@stellenberg.co.za

Ds. René Potgieter
079 893 8104
rene@stellenberg. co.za

Ds. Callie Visagie
072 385 4368
ctvisagie@
stellenberg.co.za

**Stellenberg Ondersteuningsentrum (SOS)**

Rudolph van Schoor
Sentrumbestuurder
082 854 4530
rudolph@stellenberg.co.za

## FINANSIËLE BYDRAES

Ons is dankbaar vir lidmate wat in die onseker omstandighede selfs 'n groter finansiële bydrae as tevore tot die gemeente se werksaamhede maak. Daar is vele lidmate wat geen inkomste verdien, of wie se vergoeding drasties gesny is. Wees verseker die kerkraad en ons fondsebediening pas gesonde finansiële bestuur en kontrole toe. Alle eer aan ons Hemelse Vader vir sy voorsiening ook op hierdie gebied.

**Debietorder**

Laai die aansoekvorm van die webwerf af.

**EFT-betaling**


Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening


145 058 0011, takkode 632005.

**SnapScan**

**Kontantbydraes**

Diegene wat verkies om hulle bydraes kontant te gee, kan steeds kontantbydraes by die kerkkantoor afgee. Daar is 'n beveiligde posbus by die voordeur van die kerkkantoor. Plaas jou bydrae daarin. Die posbus sal daagliks leeggemaak word.




### HET JY 'N PREEK MISGELOOP?

Kliek op die eredienste-blokkie op die webwerf en dan op die YouTube-skakel om die argief van al die opnames van preke te bereik.

### BYBELSTORIES VIR KLEUTERS

Daar word weekliks 'n nuwe Bybelstorie vir kleuters in video-formaat op die webwerf gelaai. Besoek die Annibrand Junior-bladsy om die stories te kyk.

### KINDERPINKSTER

*Survivor* Egipte

Raak deel van die Jakob-*tribe.*

www.stellenberg.co.za

### GEDAGTES VIR ELKE DAG VAN INPERKING

'n Geestelike dagstuk word daagliks op www.stellenberg.co.za onder "Gedagtes vir elke dag" geplaas, of lees dit elke dag op die gemeente se Facebookblad.

## FEESMARK 2020

In die lig van die heersende beleid rakende openbare en sportgeleenthede, sal Stellenberg se feesmark, wat die afgelope 26 jaar deel van die gemeente was, ook nie vanjaar plaasvind nie. Daar is wel besin oor die moontlikheid van 'n aanlyn feesmark. Die feesmarkkomitee het die afgelope weke wyd gekonsulteer met kundiges in onder meer logistieke en tegnolige asook met besigheidskennners en van ons uitstallers. Na lang oorweging en raadpleging is daar die afgelope week besluit om nie 'n aanlyn mark aan te bied nie. In die besigheidsmodel vir 'n aanlyn mark is daar vele faktore wat in ag geneem moet word en afgesien van die administratiewe, logistieke en operasionele prosesse, moet dit uiteindelik ook finansieel sin maak.

Uiteraard sal die verlies van die feesmark se inkomste 'n groot invloed op ons gemeentelike begroting hê. Daar is begroot vir 'n inkomste van R2,25 miljoen afkomstig uit die opbrengs van die feesmark, wat deel sou vorm van die totale gemeentelike begroting van R10 miljoen. Saam met die ander verwagte verliese aan inkomste, is die aangepaste verwagte inkomste ongeveer 66% van die aanvanklik begroting. Uitgawes is dienooreenkomstig aangepas met predikante en personeel se vergoeding wat met onderskeidelik 20 en 23% verminder is.

Die inperkingsvlakke sal deurgaans gemonitor word en indien omstandighede drasties verander, sal die feesmarkkomitee met nuwe inisiatiewe vorendag kom. 'n Afgeskaalde feesmark sal egter nie oorweeg word nie sodat daar nie afbreek, om die afbreek van die beeld van die feesmark te vermy.

Indien die inperkingsvlak gedurende Februarie/Maart 2021 'n basaargeleentheid moontlik maak, beoog ons om dit met 'n weeklange voedsel-en-dankfees te kombineer. Kos- en deliprodukte sal verkoop word en 'n restaurant waar gaskunstenaars ook kan optree, sal gedurende die feesweek bedryf word.

### 2 LITER-ROOMYSBAKKE

Ons benodig 2 liter-roomysbakke om sop in te vries. Indien jy bakke kan skenk, gee dit asseblief Donderdagmiddae om 15:00 by die markplein af.

### GEBEDSVERSOEKE

Stuur jou gebedsversoeke (anoniem indien jy dit verkies) na navrae@stellenberg.co.za.

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

Feesmark
079 269 3663
feesmark@stellenberg.co.za

Stellenberg Ondersteuningsentrum 082 854 4530
sos@stellenberg.co.za

WhatsApp-groep
083 611 4720

h.v. Mountain View-rylaan en Edelweissweg, Eversdal